IMPAK ONDERWYSDIENS BK
Reg. nr.: CK2005/041089/23
Straatadres: Rivierweg 139, Lyttelton, 0157
Posadres: Posbus 15132, Lyttelton, 0140, SA.
Tel.: +27 (0) 12 664 8552
Fakse: +27 (0) 86 505 3050; +27 (0) 86 505 3073
+27 (0) 86 505 3077; +27 (0) 86 529 1155
E-pos: impak@impakonderwys.co.za
Webblad: www.impakonderwys.co.za

NUUSBRIEF 3 **Mei 2011**

Hierdie nuusbrief handel o.a. oor belangrike aspekte en datums wat voorlê. Maak asseblief tyd om die inligting u eie te maak!

INHOUDSOPGAWE

1. IMPAK SE ONDERRIGRAAD RUK GEHALTE REG!
2. LAAT ONS PRAAT
3. DIE JUNIE EKSAMEN IS HIER!
4. KONGRES UIT DIE BOONSTE RAKKE!
5. SOSIALISERING EN ONS FINALE JAARPROGRAMDATUMS
6. IMPAK SE EIE PRIVAATSKOOL IN DIE KOERANT!
7. Aanhangsel A

1. IMPAK SE ONDERRIGRAAD RUK GEHALTE REG!

Impak het 'n Onderrigraad bestaande uit 10 volbloed vakdeskundiges gevestig. Hierdie ringkoppe se hooftaak is om al Impak en Delta se lesmateriaal vir foute en flaters te modereer.

U het pragtig reageer op ons versoek om die vraelys in te stuur ten opsigte van u mening oor Impak se lesmateriaal en produkte. Baie dankie!

U terugvoer maak dit nou moontlik om die leemtes baie vinniger te identifiseer en reg te stel. Ons sien saam met u uit na 'n foutlose 2012-Impak!

Die Onderrigraad dra ook sorg dat die Vakskrywers en Vakadviseurs op hul pos is om u vak navrae te beantwoord.

U kan die Onderrigraad kontak by:(sien aanhangsel A)

2. LAAT ONS PRAAT

Die vakforums is in bedryf nadat Impak se NUOVIDAS-stelsel u kliënt-nommers gegenereer en aan Nelius Basson beskikbaar gestel het. Indien u enige probleem met die vakforums ervaar, mag u vir Nelius Basson, die administrateur van die forums, en sy span kontak by forumteam.impakdelta@gmail.com of na 18:00 kan u hom skakel by 082 451

0700. U kan ook vir Chris Deeves kontak by: vakadviseur3@impakonderwys.co.za of op Impak se landlyn-nommer tydens kantoorure. Brand u steeds vas, sal Neels Beyers u te hulp snel.

Hieronder is ‘n voorstel van ‘n ouer, Marlize Keyter aan u almal. Wat dink u hiervan?

“Naandsê aan almal.

Na die Impak-kongres die naweek op hul plaas in die Naboomspruit-omgewing wil ek met 'n voorstel na Pieter en sy span gaan. Maar voordat ek die voorstel kan voorlê, moet ek eers 'n behoefte-bepaling onder die Impak -gebruikers maak.

Impak het die forums op sy webwerf vir die verskillende vakke. MAAR ek geniet die wisselwerking van die tuisonderwys-groep baie, veral omdat die epos direk in my inbus lê en wag... Ek hoef nie op die webwerf daarna te gaan soek nie. Wat ek wel moet doen is om deur die pos te blaai en te besluit wat is gemorspos en wat is leesbaar. Wat is op my van toepassing en wat is net interessante inligting.

Kan jy jou indink as jy deel kan wees van 'n soortgelyke groep wat soos jy van dieselfde kurrikulum gebruik maak? Kan jy jou indink hoeveel makliker dit sal wees om direk met 'n ouer wie se kind(ers) deur dieselfde werk gaan as joue te kan kommunikeer en sommer kan verwys na die graad en bladsynommer?

En as daar dan as 'n bonus ook nog met vakouteurs of Impak-personeel gekommunikeer kan word?

Indien daar enige belangstelling is - laat weet my asseblief gedurende die volgende paar weke - ek sal graag teen 10 Junie vir Pieter met 'n voorstel wil nader (en moontlike getalle van voornemende groeplede).

NB NB NB
Ons wil nie die Tuisonderwys-groep oorval met epos wat nie op hulle betrekking het nie - kliek dus asb. op die "Reply" knoppie en nie op die "Reply to all" nie.

Of kontak my by turfpan@gmail.com

Groetnis
Marelize”

Sê vir Marelize wat u van haar voorstel dink, asb.

3. DIE JUNIE-EKSAMEN IS HIER!
Vraestelversending het, soos geskeduleer en aan u belowe, op 17 Mei 2011 begin. Die kongres het egter vanaf 18 tot 23 Mei al ons personeel se aandag geverg. Die possessie is op 24 Mei in alle erns hervat. Dit neem gewoonlik twee volle weke om die vraestelle te versend. Die laaste vraestel behoort teen Vrydag 2 Junie gepos te wees.

Wat is 'n jaarpunt?
Dit is noodsaaklik dat Impak se rapporte deur Umalusi, die Departement van Onderwys en die privaatsektor erken en gerespekteer word. Dit beteken dat die integriteit van ons eksamens en die wyse waarop ons met punteverwerking omgaan verantwoordbaar en absoluut bo verdenking moet wees.

Die finale jaareinde rapportpunt word saamgestel uit 'n jaarpunt van 25% en 'n eindeksamenpunt van 75%.

Die jaarpunt word saamgestel uit die punte wat die leerling behaal in sy/haar Maart - toetsreeks, Junie-eksamen, September-toetsreeks en die projek-/taakpunt. Die ouers is verantwoordelik om die jaarpunt saam te stel en aan ons Rapport afdeling te stuur.

Ten einde die finale jaareinde rapport se integriteit te waarborg word die jaarpunt slegs in ag geneem indien die jaarpunt met nie meer as 20% van die eindeksamen punt verskil nie. Dit beteken dat as die ouer 'n jaarpunt van 85% vir Wiskunde opstuur, maar in die eindeksamen behaal die leerling slegs 45%, word die jaarpunt geïgnoreer en word slegs die eindeksamen punt op die finale jaareinde rapport gebruik.

So maak u met die eksamen

1. Saam met die Junievraestelle word die memoranda kosteloos versprei. **Ouers moet self die vraestelle hanteer en die integriteit van die vraestelle beskerm.** Dit is nou u verantwoordelikheid! Indien die vraestelle op dieselfde dag waarop die leerling die vraestel geskryf het, deur die ouer/voog gemerk word, behoort die memorandum vir die kind 'n baie goeie hulpmiddel vir toekomstige studies te wees.
2. IT-vraestelle word nie op papier verskaf nie, maar op die internet. Die IT-vraestelle word op die IT-forum geplaas en ouers moet bewus wees daarvan sodat die integriteit daarvan beskerm kan word. Dit is u verantwoordelikheid! Die vak IT kan slegs geneem word indien u kind toegang tot die internet het.
3. Die aangehegte kontrolevorm moet, voordat u kind met die eksamen begin, asb. deeglik met die vraestelle en memorandums vergelyk word.
4. Merk van vraestelle:
    a. **Gr. 0- 3** Antwoordstelle word ingestuur vir merk, sodat u professionele terugvoer t.o.v. u kind se vordering kan ontvang.
    b. **Gr. 4-11:** Ouers en sentrums merk self volgens die memorandums. In gevalle waar ouers ongemaklik is met die merk van antwoordstelle, kan hulle die antwoordstelle instuur vir merk.
    c. **Gr. 12:** Antwoordstelle kan self gemerk en die Jaarpuntverslag ingestuur word. In gevalle waar ouers ongemaklik is met die merk van antwoordstelle, kan hulle die antwoordstelle instuur vir merk. Impak sal die gemerkte antwoordstelle aan u terugstuur, indien u 'n gefrankeerde koevert saamgestuur het. Die gemerkte antwoordstelle **moet** by die ouers/voogde in die portefeulje lêer bewaar word. Dit is u verantwoordelikheid!
    d. Puntestate vir die Maarttoets en Junie-eksamen moet voor of op **2 Julie** by Impak wees en ons sal poog om die rapporte teen **28 Julie** beskikbaar te stel.
    e. Puntestate wat saam met die vraestelle versprei word moet ingevul en aan Impak gestuur word. Dit moet na rapporte@impakonderwys.co.za gestuur word of gefaks word aan 0865568589.

f. Wanneer die antwoordstelle per pos ingestuur word om gemerk te word, moet dit per aangetekende pos gestuur word om die grootste versekering te hê dat die vraestelle wel by Impak uitkom.
g. Indien die ouers die gemerkte vraestelle wil terug ontvang moet daar gefrankeerde koeverte per vak saamgestuur word. Vir buitelandse kliënte moet hulle die gemerkte vraestelle in skrif aanvra en bevestig dat ons hulle vir die posgeld kan faktureer.
h. Verrykingsvakke word nie geëksamineer nie.
i. Op die puntestaat (Gr. 4-11) verskyn die volgende:
    i. Maartpunt: Dit is alle oopboektoetse en die Maarttoets
    ii. Juniepunt: Dit is alle oopboektoetse en opdragte vir die 2e kwartaal.
    iii. Junie-eksamen: Dit is die Junie eksamenpunt soos self gemerk of ekstern deur Impak gemerk.
j. Op die Gr. 12 jaarpuntverslag moet die ouer net die Maarttoets en Junie-eksamen punte invul, en dit inhandig op die aangeduide datums.
k. Ouers en hulpsentrums moet asb. afskrifte van die puntestaat maak voordat die ingestuur word om vir die volgende eksamen gebruik te word.

Hantering van opdragte

l. **Gr. 0- 11:** Alle opdragte word self, tuis, gemerk. Net die puntestate word ingedien. Die opdragte moet egter bewaar word en kan te enige tyd deur Impak aangevra word vir eksterne kontrolering/moderering.
m. **Gr. 12** Word self gemerk. Die opdragte moet, per vak, in op lêer bewaar word en sal gedurende Julie deur Impak aangevra word vir eksterne moderering.
n. Gr.10 tot 12 LOR opdragte moet betyds en volledig aan Impak gestuur word.

4. KONGRES UIT DIE BOONSTE RAKKE!
Ma, ons wil nie nou al huis toe gaan nie!
Die Kongres op Impak se plaas, 19 tot 22 Mei, was ’n reuse sukses!
Nagenoeg 220 ouers en leerlinge het opgedaag vir drie onvergeetlike dae. Ouers is deeglik voorberei en opgelei en die kinders het groot pret tydens die avontuurkamp meegemaak. Die onderstaande foto’s en briefies spreek vir hulself.

Almal was dit eens: 10 vir die ouens wat gekom het 0 vir die ouens wat uitgemis het. Probeer volgende keer tog maar kom!

IMPAK KAMP EVALUASIE VORM

Naam en van : Annelize de Boer

Datum van kamp: Mei 2011

Standaard van Fasiliteite: Goed- net dalk kinders & overs se kamers beter skei.

Standaard van Fasiliteerders: Baie goed. Kan maantlik vak-outeurs ix per jaar op in kamp kry sodat overs hul kan nader tov. probleemareas.

Standaard van maaltye: Baie, baie goed!!

Enige voorstelle: Geleentheid skep waar kinders kan gesels oor hul ervaringe tov. skool, maats, verhouding m. Here!

Sou u weer so n kongres wou bywoon? Verseker!

ABoer
Teken

IMPAK KAMP EVALUASIE VORM

Naam en van : Kobus, Elsabé & Jonus Saaiman.

Datum van kamp: 19 – 22 Mei 2011

Standaard van Fasiliteite: Puik! Sien uit na die eindproduk.

Standaard van Fasiliteerders: Baie goed. Dankie!

Standaard van maaltye: Heerlik en smaakvol.

Enige voorstelle: Net 'n dankie! So baie vrae en onsekerheid is beantwoord. Seën en voorspoed.

Sou u weer so n kongres wou bywoon? Ja.

ESaaiman
Teken

Aan almal wat betrokke was by die Kamp\Kongres,

BAIE, BAIE dankie en baie geluk met die kamp\kongres wat julle aangebied het vanaf 19 tot 22 Mei 2011 op die Impakplaas te Naboomspruit.
Wow! Wat 'n "eye opener" vir my en my gesin. Almal het uit hul pad gegaan om ons welkom te laat voel. Die aanbieding, kos en personeel is baie besonders!

Hoewel dit nie vir ons moontlik was om al die dae daar te wees nie, was Lorandu wel vanaf Donderdag op die kamp. Hy kan nie uitgepraat raak oor al die dinge wat hulle gedoen, gesien, beleef en gehoor het nie! Nou het ons ook gesien dat hy 'n normale tiener is – ons het gewonder want hy meng nie maklik met mense nie. Hy wil net weet wanneer die volgende kamp gaan wees.

Ons "boks" is ook geskud met als wat ons gehoor het by al die sprekers. Uiteindelik verstaan ons baie dinge beter, wonder meer oor ander dinge, val van die dinge nou in plek en is heeltemal deurmekaar met party… maar dis mos wat julle wou hê!!

Baie dankie Impak. Hou so aan en bou op daardie sukses voort!!!

Groete,
Francois, Anelie en Lorandu Wepener

(ZAEI 04647)

Aan die hele Impak-span

'n Baie groot dankie vir al julle moeite met die pas afgelope kongres. Ek het met 'n oorvol hart, brandend en opgewonde vir my kind se toekoms teruggekeer huistoe. Binne-in my juig dit, want ek weet nou met sekerheid dat ons en ons kind op die regte tyd, op die regte plek neergesit is. Alle eer aan ons hemelse Vader hiervoor.

Hierdie was vir my en my kind een van die wonderlikste ervarings ooit. 'n Sterretjie aan almal wat gesorg het dat alles so glad verloop en dat ek in alle eerlikheid vandag geen enkele klagte kan uitdink nie. As daar haakplekke was weet julle alleen daarvan en het julle soos ware Impakkers dit saggies en effektief uit die weg geruim, sodat die res van ons se ervaring net positief was.

Nogmaals baie dankie. Dra ook ons dank oor aan almal wat agter die skerms hulle hande stompies moes werk.

Ons kan nie wag vir volgende jaar nie!!

Groetnis

Charles, Sarita en Beaurain Pieterse.

IMPAK KAMP EVALUASIE VORM

Naam en van : Garnett Bennett, Errol & Madelei.

Datum van kamp: 19-21 Mei 2010

Standaard van Fasiliteite: Goed.
Praglige Plek.

Standaard van Fasiliteerders: Goed.
Kinders het dit (hulle) geniet.
Ouers het baie kennis gegedeen - dankie.

Standaard van maaltye: Heerlik.

Enige voorstelle: Steeds bietjie hard vir die langs sit.

Sou u weer so n kongres wou bywoon? Ja

Teken

Mets God aan ons kant is alles vir ons moontlik.

IMPAK KAMP EVALUASIE VORM

Naam en van : Kobus, Elsabé & Jonus Saaiman

Datum van kamp: 19 – 22 Mei 2011

Standaard van Fasiliteite: Puik!
Sien uit na die eindprodukt.

Standaard van Fasiliteerders: Baie goed. Dankie!

Standaard van maaltye: Heerlik en smaakvol.

Enige voorstelle: Net 'n dankie! So baie vrae en onsekerheid is beantwoord.
Seën en voorspoed.

Sou u weer so n kongres wou bywoon? Ja.

Teken

5. SOSIALISERING EN ONS FINALE JAARPROGRAMDATUMS
Belangrike gebeure wat voorlê en hul datums

Sportdag:	16 Junie 2011 te Pretoria (meer inligting sal volg)
Winterkampe (Gr.10-12):	27 Junie – 16 Julie 2011 te Impakplaas naby Naboomspruit (sien VOO beleid)
Weskaap kongres:	18 – 21 Augustus 2011 te Koringberg naby Kaapstad (sien uitnodigingsbrief)
Noordkaap kongres:	25 – 28 Augustus 2011 te Upington (sien uitnodigingsbrief)
Impak Matriekafskeid:	17 September 2011 (meer inligting sal volg)

Tog so jammer!
Die Kongres in Namibië wat vir 12 tot 15 Mei geskeduleer en gereël was, is gekanselleer nadat net 5 volwassenes en 9 leerlinge uit die meer as 240 Namibiese kliënte aangedui het dat hulle die kongres wil bywoon. Om sprekers, personeel en toerusting tussen RSA en Namibië te pendel vir so min belangstelling maak net geen sin nie.

Baie jammer! U het ‘n groot geleentheid misgeloop.

6. IMPAK SE EIE PRIVAATSKOOL IN DIE KOERANT!
Lees die mooi artikel wat oor ons skool in “Die Bosvelder” Verskyn het.
’n Unieke Afrikaanse privaatskool met Christelike karakter in die Waterberg open D.V. sy deure in Januarie 2012!

Die nuwe skool, bekend as Impak Bosveld Akademie, beoog om vanaf Januarie 2012 seuns en dogters tussen Graad 8 en 10 in te neem.

Die dryfveer agter hierdie ontwikkeling is Impak Onderwysdiens. Impak het ‘n mooi wildsplaas tussen Nylstroom en Naboomspruit aangeskaf en het daarop reeds die bouwerk aan ’n spognuwe skool met sy koshuis voltooi. Met meer as 5000 leerlinge en 85 privaatskole landswyd wat hierdie jaar van Impak se onderwysprodukte en -dienste gebruik maak, het Impak oor die afgelope 9 jaar bewys gelewer dat hy nie alleen die markleier in tuisonderwys is nie, maar ook bekwaam is om privaatskole met groot sukses op te rig en te bedryf.

Impak Onderwysdiens spog met ’n 94% slaagsyfer in matriek vir 2010. Verlede jaar het 540 matrieks deur Impak matrikuleer. Die skool sal aanvanklik voorsiening maak vir 140 leerlinge wat mettertyd kan groei na 200. Klasse sal beperk wees tot ’n maksimum van 15 leerlinge, sodat kinders individuele aandag kan ontvang.

Dit word in vooruitsig gestel dat die skool ruim voorsiening gaan maak vir somer- en wintersportsoorte soos atletiek, rugby, krieket, skyfskiet, netbal, hokkie en kultuuraktiwiteite soos musiek, skaak, redenaars en veel meer. Kinders sal ook verplig word om daaraan deel te neem.

Benewens die akademiese vakke soos Afrikaans, Engels, Wiskunde, Fisiese Wetenskap, Lewenswetenskap, Geografie, Ekonomie, Rekeningkunde en Besigheidstudies sal die skool ook beroepsgerigte vakke aanbied. Vakke soos Inligtingstegnologie, Rekenaartoepassingstegnologie, Landbouwetenskap, Landboubestuurspraktyk, Motorwerktuigkunde, Plaat-, Sweis- en Metaalwerk, Ketelmakery, Elektrisiënswerk,

Boukunde, Ingenieursgrafika en Ontwerp asook Gasvryheidstudie, Toerisme, Haarkappery en Skoonheid is op die spyskaart. Wanneer leerlinge, na voltooiing van Graad 12, die skool verlaat sal diegene wat hul kant gebring het, kan spog met óf 'n internasionaal aanvaarbare matrieksertifikaat wat ook gesog is by Suid Afrikaanse Universiteite of 'n beroepsgerigte diploma waarmee die beroepslewe betree kan word!

Hierdie skool wil 'n skool van uitnemendheid wees op akademiese-, sport- en kultuurgebied. Hierdie skool gaan nie 'n rehabilitasiesentrum vir leerlinge word wat dit elders nie kon maak nie. Rokers sal ook nie gemaklik wees in hierdie skool nie.

Die skool beoog om voorsiening te maak vir beide koshuisleerlinge sowel as vir dagleerlinge.Skoolgelde sal vergelykbaar wees met gelde betaalbaar in skole soos Affies, Waterkloof en Garsfontein.

Skoolgelde wat klasgeld, alle handboeke en sportgelde insluit beloop R24000 per jaar. Die gelde kan deur middel van 'n vooruit betaalbare intreefooi van R5000 en 10 rentevrye paaiemente van R1900 elk afbetaal word.

Koshuisgeld beloop R20 000 per jaar. Die gelde kan deur middel van 'n vooruit betaalbare intreefooi van R5000 en 10 rentevrye paaiemente van R1500 elk afbetaal word.

Indien u meer wil weet, kan u Impak se stalletjie by die Windpompfees besoek of u kan Impak se kantoor skakel by 012 664 8552 of u kan 'n epos stuur na: pieter@impakonderwys.co.za

Indien u belangstel om u kind (Gr.8, 9 of 10) hierdie unieke geleentheid te bied om plaasskool toe te kom, kan u die onderstaande skeurstrokie invul en aan Pieter Botha terugstuur.

Skeurstrokie

Meer inligting asb.: Faks: 0865567262 of e-pos: pieter@impakonderwys.co.za

Naam en van: _____
Ja, ons stel beslis belang om aansoek te doen om ons kind/ers (Gr 8, 9, 10) volgende jaar (2012) in Impak se privaatskool te plaas. Stuur asseblief verdere inligting aan ons.

Ouers se voorletters en van: _____

Kind se volle name en van: _____

Kind se graad in 2012: _____

Adres waarheen inligting gepos, gefaks of ge-e-pos moet word.

_____

Baie dankie _____

Handtekening:
Ouer/Voog _____

AANHANGSEL A

ONDERRIGRAAD BESONDERHEDE

Onderrig-raadslid	Afdeling	Hoedanigheid/Amp	Kontak Besonderhede	Opmerking
Dr. Martin Human	Produkontwikkeling		**082 673 1919**	**Voorsitter**
Dr. Sheryl Snyman	Delta; Delta Vocational Haarkappery ICHON	Afdelingshoof	delta@deltaeducation.co.za	**Beroeps-gerig**
Ds.Willem Oliver	VOO (Gr.10, 11, 12)		willnet@impakonderwys.co.za	
Mnr. Eli de Lange	Landboubest.praktyk; Landbouwetenskap; ElektrieseTegnologie; IGO. MeganieseTegnologie; Siviele Tegnologie; Tegnologie Gr.8 en 9	Vakouteur; Moderator; Raadslid	**083 977 6463** eli.bakgat@gmail.com	**Sekretaris**
Dr. Chris Kotze	LOR. Gr.4 tot 12; Lewenswetenskap 7 - 12; Bybelonderrig; Godsdiensstudie.	Vakouteur; Moderator; Raadslid	**082 331 7873** bolkapolca@polka.co.za	
Mev. Corne van Rijn	Gr 4 tot 7 Wisk, Wet&Teg, Geskiedenis, Kuns&kultuur	Vakouteur; Moderator; Raadslid	**072 676 4525** vanrijncorne@gmail.com	
Mev.Joanie de Jager	Alle vakke Grondslagfase	Vakouteur; Moderator; Raadslid	**012 664 0509** **083 294 1931** joanie@mailbuddy.co.za	
Mnr.Casper Voster	Ekonomie; Rek.;Besigheidst.; IT.; RTT.; Fis Wetenskap; Wisk.; Wisk. Gelet.;	Vakouteur; Moderator; Raadslid	**011 391 0201** **072 399 2829** nicant@telkomsa.net	
Mnr. JC Pretorius	Geografie; Dramatiese + Visuele kuns		**078 404 1767** Jcp1905@gmail.com	
Dr. Schalk Kleynhans	Tale Gr.4 tot 12		074 296 5886 schalk.kleynhans@gmail.com	
Marietjie Smit	Gasvryheidstudies Toerisme	Vakouteur; Moderator; Raadslid	**082 862 6468**	